# Die WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL VI. 22 JUNIE 1951. No. 6.


# STELLENBOSCH STEUN A.S.B.-BELEID VOLKOME

**Op 'n onlangse gehoue Studenteraadsvergadering het Stellenbosch op ondubbelsinnige wyse die A.S.B.-standpunt ten volle onderskryf en daarmee verklaar dat hulle „nie van voornemens is om Konferensies sonder voorbehoud by te woon nie."**

Hierdie feite het aan die lig gekom in die Stellenbosche Studentekoerant, „Die Matie," van Vrydag, 25 Mei 1951. Die berig lui verder dat **„die Studenteraad die beginsel van aparte verteenwoordiging gehandhaaf het as sy interuniversitêre beleid toe 'n mosie van S.R.-Voorsitter, Tobie de Clercq, met die volslae meerderheid van 8 teen 1 stemme aangeneem is op die onlangse Studenteraadsvergadering."**

Onthou sal word dat op 'n vorige vergadering mnr. S. A. Strauss voorgestel het dat „om alle wanindrukke uit die weg te ruim" die S.R. die A.S.B.-beleid t.o.v. „gemengde" universiteite bekragtig. 'n Amendement van mnr. P. D. de Kock is egter met 7 teen 3 stemme aanvaar. Hierdie amendement het nie met die A.S.B.-beleid ooreengestem nie insoverre dit die huidige toestande aan alle Suid-Afrikaanse universiteite (waar blankes en nie-blankes gemeng is) **tydelik aanvaar** (terwyl die A.S.B. die status quo aan gemengde universiteite **betreur**) en insoverre die „S.R. dit as die onbetwisbare reg van elke studente-unie beskou om te beslis wie sy verteenwoordigers op sy Studenteraad op interuniversitêre samesprekings sal verteenwoordig." (Spoorslag, April 1951). Die gevolgtrekking wat andere daarvan kon maak was dat gemengde universiteite nie-blankes kon stuur om blankes te verteenwoordig en omgekeerd en die A.S.B. het hierteenoor gestel dat hy slegs bereid is om nie-blanke studente aan gemengde universiteite te ontmoet.

Verskeie blaaie het hulle daaroor uitgelaat soos bv. „Die Perdeby," „Rhodes" en „Forum" terwyl „Varsity," Kaapstadse studentekoerant, dit as „the most vital decision in the recent history of student affairs" beskryf het. **Mnr. de Clercq, S.R.-voorsitter, het hierdie voorbarige afleidinge omtrent Stellenbosch se standpunt sommige blaaie verwyt.**

### MOSIE.

Hy het die volgende mosie ingedien wat byna eenpariglik aanvaar is:

„Na aanleiding van die verklaring van die A.S.B.-hoofbestuur i.s. samewerking met gemengde Universiteite en na aanleiding van die samesprekings gevoer met Engelssprekende studente aan hierdie Universiteit formuleer hierdie raad sy beleid t.o.v. inter-universitêre betrekkinge soos volg:

a) Wat ons uiteindelike ideaal betref d.w.s. t.o.v. 'n permanente reëling van ons studente-betrekkinge hou ons vas aan die idee van parallele bande wat die Afrikaanssprekende, Engelssprekende en nie-blanke groepe federaaluitvoerend aan mekaar sal skakel.

Wat die band van Afrikaanse studente betref hou ons vas aan die kultuur-akademiese grondslag van die A.S.B.

b) Wat die huidige toestand betref aanvaar die Raad die status quo aan gemengde Universiteite met dien verstande dat dit slegs as 'n interimtoestand beskou word, totdat afsonderlike voorsiening vir nie-blankes gemaak is.

Hierdie Raad verklaar hom bereid om gedurende hierdie interimtoestande samesprekings te voer met afgevaardigdes van enige universiteit met die voorbehoud dat Afrikaanssprekende deur Engelssprekende en nie-blanke deur nie-blanke verteenwoordig sal word.

In ooreenstemming hiermee en

(Vervolg in volgende kolom).

(Vervolg van vorige kolom).

handelende op die goeie trou uitgespreek deur die Engelssprekende studente van hierdie Universiteit, verklaar hierdie Raad hom bereid om voortaan ook 'n verteenwoordiger deur die Engelssprekende groep aanbeveel, na Inter-universitêre samesprekings te stuur.

Indien dit mag blyk dat ander Universiteite gedurende heirdie interimtoestand nie bereid is om samesprekinge te voer nie, sal die Raad nogtans poog om kontak met die verskillende groepe te maak."

Die vergadering was die langste van die jaar.

### Proefwedstryde

**Mnre. C. van Vuuren en P. Viljoen word langs hierdie weg hartlik gelukgewens met die onderskeiding wat hulle te beurt geval het om gedurende Julie aan die proefwedstryde met die oog op die keuse van die Springbokspan, deel te neem. Elke Puk hoop dat julle ver sal kom.**



FRANSIE DE WET,

die kapteine van die Dames-hokkiespan van die P.U.

# Verwronge Plasing Van Berigte

## Hokkiekapteine Lug Klagte

**Mej. Fransie de Wet het by die Sportredaktrise ernstige klagte ingedien dat berigte aangaande Hokkieaangeleenthede verwronge geplaas word.**

„Hoewel daar moeite gedoen word, word berigte oor die Dameshokkie, na verneem word, in „Die Wapad" verwronge en deurmekaar gepubliseer. Mej. de Wet het voorts verklaar dat sy geen boodskap vir die komende intervarsity sal gee nie, aangesien sy die nodigheid daarvoor nie sien nie.

Dit is egter 'n bekende feit dat wanneer intervarsity by 'n ander universiteit gespeel word, soos nou teen U.P. in Pretoria, daar in „Die Wapad" nie dergelike boodskappe geplaas word nie.

# Tukkies te deur die wind om Voordewind te vang

**'n Mislukte poging van 'n aantal Tukkies om die dirigent, Boep Voordewind, na Tukkieland te ontvoer, het gelei tot die gevangeneming van vyf Tukkies gedurende die na-nag van Woensdag 15 Junie. Die Pukke het die besoekers kosteloos en gasvry onthaal, en 'n geleibrief met hulle saam na hulle dirigent, Dawie Kriel, gestuur.**

Luidens berig het mnr. W. v.d. Bank op die aand van die 15e van Sientjie via die Kamp in Jan Smutslaan afgekom. Hy het lont geruik toe hy die Tukkie-figure opmerk, en in navolging van die Griek van ouds het hy 'n marathon-wedloop na die Puk-hoofkwartier in rekordtyd afgelê, en die woord „Tukkies" uitgehyg, en op die geliefde P.U.K.-bodem neergestort. Eerstejaarsgeledere is gemonster, en wagte by die poorte is verdubbel.

### Eerste Aanslag.

Om presis 10.30 nm. het 'n Mercury met stille gang die Pukke se vesting genader, en voor vier ouhere, t.w. Willem, Platbos, Fires en Bokstra, stilgehou, terwyl die insittendes die nederige wens om na 'n „neef" van hulle beduie te word uitspreek. Ongelukkig vir die deputasie het die bestuurder van die motor te gretig gelyk om weg te spring, met die gevolg dat die dieptes van Gathlandia weereens

(Vervolg in kolom 3).

(Vervolg van kolom 5).

sy inwoners uitgelaat het om die ou moutertjie toe te sak.

### Gevang.

'n Korrespondent wat die spektakel aanskou het, het berig dat toe die motor wegvlie 'n sekere ouheer, bekend as mnr. Vleisie Norspa, van pure skrik regop in die lug gespring het en bo-op die motor te lande gekom het. waarvandaan hy bly was om af te kom toe die motor by die geslote hekke voorgekeer is, en die drie insittende Tukkies aangekeer is, om as gaste vir die Pukke op te tree.

(Vervolg op bls. 3, kol. 2).

# Lus vir Intervarsity Damesspanne Geesdriftig

**Na verneem word is daar by die P.U.-damesspanne geen gebrek aan entoesiasme vir die komende intervarsity-botsing teen U.P. nie.**

Tenspyte daarvan dat die Korfbalspan hulle op Pretoria as 'n netbalspan sal moet voordoen, en dat die Tukkies se tennis en hokkiespanne uiters gedug is, is die dames tog nie met voorspooksels beswaar nie. Daar heers by hulle die tradisionele P.U.K.-sportmangees, en hulle gaan die P.U. se naam in Pretoria niks as eer aandoen nie.

DIE **BULTHAAR-KAPPER**

**Langs Bult Garage.**
'n Nuwe Haarkapperswinkel binne u bereik, Studente!
**Besoek ons—u voorkoms sal daarby baat.**
U ondersteuning sal hoog op prys gestel word.
**G. SCHOONHOVEN,**
(Med. Gedpl.)

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE
en
KOLONIALE WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË

**Potchefstroom**
**se mees moderne**
**Dames-Klerewinkel**
Die jongste versameling van **Dames-rokke, -Baadjies, „Jeeps," Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodigdhede, ens.**
**BY**
**LA VOGUE**
**(J. M. TAYLOR)**
**Posbus 221. Foon 440.**

Drink en Geniet
**S & S**
Super Dilla
**en**
Super Orange
**Sherr & Shakinovsky**
**AUTO LAAN**
**Foon 16**
(Vervolg van vorige kolom).
(Vervolg van bls. 1, kol. 5).

**Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner**
**J. P. V.D. WALT,**
**L.F.V.**
**KERKSTRAAT 111**
**(Langs Ackermans)**
Foon 929,
**POTCHEFSTROOM.**
**Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.**

# Vierde A.S.B.-Kongres Vanjaar in Pretoria

**'n Groot aantal afgevaardigdes word verwag na die vierde kongres van die Afrikaanse Studentebond wat van 25 tot 29 Junie aan die Universiteit van Pretoria gehou word. Dit neem vanjaar die vorm van 'n studiekongres oor die onderwerp „Maatskaplike Wanpraktyke" aan, en plaaslike studiekomitees van alle A.S.B.-takke is tans besig om die betrokke referate uit te werk.**

## Verdeling van Onderwerpe:

Die twee suidelike takke, Stellenbosch en Kaapstad, behandel „Die Probleem van Drankmisbruik," die Middellandse takke die vraagstuk van Prostitusie, en die Noordelike A.S.B.-sentra „Gevangenisse en Misdaad in die algemeen." Laasgenoemde onderwerp sal as geheel bestudeer word in die lig van die vraag: „Is dit moontlik om ons gevangenisse geheel of gedeeltelik te vervang deur werkkolonies"? Voorts sal kommentaar gelewer word oor die rol wat die staat, kerk e.a. organisasies in hierdie vraagstukke speel.

## Algemene Studie-onderwerp.

Die Algemene studie-onderwerp sal vanjaar wees: „Ewolusie in 'n sosiale lig gesien," en deskundiges sal o.m. hieroor voorlesings hou.

## Beskrywingspunte.

Beskrywingspunte wat deur die kongres bespreek sal word, sluit o.a. in die posisie van die Engelse student binne die A.S.B., sowel as 'n voorstel tot uitbreiding van die A.S.B.-organisasie.

## Toneelfees.

Tesame met die kongres sal 'n toneelkompetisie tussen toneelgroepe van byna alle geaffiliërde Universiteite en Kolleges weereens gehou word. Die toneelspanne word deur Pretoria Normaal ontvang.

# Algemene A.S.B.-Nuus

## Uitbreiding.

Die A.S.B. brei nog voortdurend uit. Aan die Teologiese Kweekskool te Stellenbosch is 'n geesdriftige tak gestig, en veel word vanhier verwag. Ook word onderhandelings met verskeie Opleidingskolleges in Kaapland gevoer om takke daar te stig. Aan U.K. is selfs ook 'n tak, wat nog veg om offisiële erkenning.

## „Spoorslag."

Die amptelike blad van die A.S.B., Spoorslag, sal in die vervolg sewe in plaas van vyf kolomme beslaan. Vir sover bekend is dit die eerste studenteblad van groot nuusblad-formaat—ook wat sy uiterlike voorkoms betref hou „Spoorslag" dus tred met die uitbreiding van die organisasie waarvan hy as mondstuk dien.

# *Van S.R.-Weë*

Saterdag 23 Junie is 'n groot dag! Dan is dit weer intervarsity teen U.P., en dit op Pretoria. As elkeen met die wete gaan dat **ons U.P. kan klop—soos inderdaad verlede jaar gebeur het—sal dit weer gebeur! Elkeen moet net sy skouer aan die wiel sit en hou vir die volle lengte van elke wedstryd: tennis, hokkie, netbal, jukskei en voetbal!**

Ons staan aan die einde van 'n harde kwartaal, en 'n veeleisende semester. Derhalwe verwelkom ons almal die aangename breek, want intervarsity teen U.P. is aangenaam! Laat ons dus in groot getalle Pretoria binneruk en vasberade met waardigheid en lojaliteit kompeteer. Sukses sal dan vanself toegevoeg word. **Ons gaan almal probeer wen—maar die wen is ondergeskik aan die aangenaamheid, spanning en goeie gees van die intervarsity! Nietemin is die P.U. vir C.H.O. vasberade om U.P. harde bene te laat kou—en namens die S.R. en studente aan u een en almal: Laat die vaandel nog hoër wapper as teen U.O.V.S.!!**

B. SPOELSTRA.

*Die Wapad.*

22 JUNIE 1951.

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

REDAKSIE.

**Hoofredakteur:** J. P. COETZEE.

**Adm. Voorsitter:** F. BOTHMA.

**Sub-Redakteurs:**
**Nuus:** C. J. MALAN.
**Kuns en Wetenskap:** J. H. BOOYENS .
**Sosiale Aangeleenthtde:** MEJ. B. KRUGER.
**Sport:** D. v.d. SPUY en MEJ. A. PRETORIUS.
**Varia:** W. J. J. VAN VUUREN.
**Fotografie:** F. BOTHA.
**Tegnies:** J. HERSELMAN en J. v. ROOY.

# A.S.B.-BELEID

„Skeuring A.S.B.-Universiteite," is woorde wat in die afgelope tyd dikwels gebruik word deur alle denkende studente. In hierdie bewering, wat beslis juis is, lê twee aanklagte teen die hele studentegemeenskap opgesluit, en die eerste is nl. dat 'n groep afgesonder word wat „denkend" is, en dus 'n groep oorlaat wat nie „denkend" is nie. Die tweede aanklag is dat daar sprake kan wees van tweespalt tussen A.S.B.-universiteite.

Mens wonder soms of die feit dat daar so 'n belangeloosheid heers oor wat in die breeër A.S.B.-kringe aangaan, nie verantwoordelik kan wees, of medeverantwoordelik, vir die oneniglheid nie. As dit so was dat elke student aan elke Afrikaanse Universiteit, so begaan was oor die welsyn van die A.S.B., dat hy hom gedurig op hoogte hou met wat gebeur in die verband, dan sou niemand sommer ligtelik drastiese besluite neem oor enige saak, soos onlangs ongelukkig gebeur het toe U.P. die A.S.B. se kleurbeleid verwerp het nie. As dit werklik met die A.S.B. moet goedgaan, is die lewendige belangstelling van elke Afrikaanse student absoluut onontbeerlik.

Nou is daar sterk sprake dat die A.S.B.-eenheid, wat met soveel moeite verkry is, weer verbrokkel gaan word. Is die Afrikaner dan so sleg dat hy nooit kan saamstaan nie, en dat eenheid in eie geledere hom nie 'n saak van die hart is nie? Is die Afrikaanse student dan van geaardheid so swak dat hy nie in staat is om eers vir 'n rukkie een beleid, soos dit deur 'n gemeenskaplike organisasie, die A.S.B, geformuleer word nie? Of lê die fout maar miskien daarin dat daar een persoon, of meer, is wat hulle invloed gebruik om skeuring te veroorsaak, om hulle eie persoonlike voordeel ontwille, waar daar klein verskilletjies bestaan wat deur bespreking sonder vooroordeel, uit die weg geruim kon gewees het. Dit is bekend dat daar politieke organisasies is wat teen die A.S.B. te velde trek, om dat daar van die A.S.B.-beleid verskil word. Die reg om te mag verskil word niemand misgun nie, maar die aanmatiging van die reg om terwille van persoonlike voordeel 'n hele organisasie, wat jou toevallig nie na aan die hart lê nie, te wil omverwerp, word ten sterkste afgekeur. Hierdie afkeuring word verander in 'n verwyt, wanneer dit blyk dat die organisasies wat bots, wel elkeen 'n plek het in die studentelewe, en dit word verander in 'n roepende beskuldiging, wanneer dit blyk dat al die betrokke organisasies broodnodig is in die Afrikaanse studentelewe. En dit is nou hier die geval. Hier is die A.S.B. en 'n poltieke-organisasie, en die A.S.B. word aangeval deur die ander, sonder dat aan hom kans gegee word om te besin, dit is daarom destruktief en bring niks tot stand wat goed is nie. Hierdie aanval is inderdaad niks minder as verraad teenoor die Afrikanerdom nie!

Kan dit wees dat die A.S.B. sy eenheid op 'n hegte grondslag sal vestig tydens die komende jaarlikse A.S.B.-Kongres.

STUDENTE ! ! !
VIR AL U
Handboeke, Skryfbenodigdhede, Leertasse, Geskenke, ens.
besoek ons en wees verseker van goeie diens.
**UNIE-BOEKHANDEL** (Edms.) Bpk
Kerkstraat 90.
**Foon 497.**

NATUURLIK-GOLWENDE HARE
gee u natuurlike skoonheid!
MEJ. **R. GLAESER**
*Dames Skoonheidsalon*
**Kerkstraat 157. Foon 366.**

**W. J. SPAVINS EN SEUN**
VIR ALLE
Elektriese Benodigdhede
Draadlose, Koelkaste.
**Kerkstraat 65, POTCHEFSTROOM.**

**BULT GARAGE**
**(Edms.) Bpk.**
**Tomstraat 55, Potchefstroom.**
Foon 952.
**Fietse, Flitse, Onderdele, ens.** verkrygbaar. M.a.w.
**'N FIETSAFDELING VIR STUDENTE.**
Reparasies van enige aard.
VRY LUG-VOORSIENING.
Ondersteun 'n Afrikaanse saak.

wyl

DIE NUUTSTE ONTWERPE.
MODE SE HOOGSTE PUNT.

ENKEL-LISSIE DAMESSKOENE vanaf 29/6

**EDWORKS** (1936) Beperk.

Kerkstraat, Potchefstroom
DURENDE GEMAK.

ELKE DAG VARS!

**TURKSTRA SE BAKKERY**

BROOD en alle KOEKSOORTE

Raadpleeg ons vir
BRUIDSKOEKE

**TX MODISTE**

Ons Uitstaande Winterreeks kom nou aan!

Kostuums, Jasse en Gebreide Stukke

Cardigans, Oortrekkers, Bolero's, Jerkins en Angora-drag.

*‚Lottie' en Paryse Hoede*

KOM SIEN ONS—
vir u
Fotografiese- en Aptekersbenodigdhede

GEEN & VELLEMAN,
KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

**J. N. J. Kritzinger**
FOTOGRAAF
ROYAL HOTEL-GEBOU,
Kerkstraat 84, Telefoon 455,
Potchefstroom.

AS U 'N FOTO WIL SKENK
kyk dan
EERS NA ONS FOTO'S

(in ons Ateljee, of by tevrede P.U.Kaners).

**J. HEIDEMA**
Kerkstraat 30, Potchefstroom
(teenoor Geref. Kerk).

FIETSE (alle soorte).
NAAIMASJIENE (Gritzner). Matchless).
TIKMASJIENE (Olivetti).

J. HEIDEMA.

(Vervolg van bls. 1, kol. 4).

## Agtervolging.

Die Tukkies kon maar nie die telefoons van Potchefstroom laat staan nie, met die gevolg dat nog twee van hulle, met die goedgunstige bystand van die sentrale, aangekeer is nadat 'n woeste agtervolging deur agterplase en oor heinings heen aanvanklik misluk het. Die telefoon was weer hulle einde—terwyl hulle nog een en ander intieme gesprekkie met Fires voer, het 'n klompie Pukke hulle verras en aangebring P.U.K. toe, om die „tiekie wat hulle wou leen, te kom haal."

## Verwelkoming.

Ondertussen het die Pukke die eerste drie besoekers hartlik verwelkom, deur die stof van Tukkieland af te was, en die porieë van die vel met haastig geleende skropborsels te reinig. Die ouheer Fires het goedgunstelik ongewillig om sy talent as haarkapper gratis beskikbaar te stel en die ruie boskasies van die Tukkies ietwat te elimineer.

**Intussen het die kordate Tukkie-tweedejaars asvaal by die koshuise aangekom, en moes weens swaar verkoue net met 'n ouheer Alwyn Malan kon een van hulle identifiseer, en het as gebaar van vriendskap die letters U.P., vir die Tukkies so dierbaar, op sy hoof gegraveer.**

Nadat elke gas sy vaardigheid as dirigent voor die massa ten toon gestel het, het 'n ligte bakoondjie die verwelkoming afgesluit, en is hulle teruggestuur met 'n brief van Boep aan Dawie Kriel.

## TAKSEER ONS LAAG.

Pretoria,
11 Junie 1951.

Die Redakteur,
„Die Wapad,"
P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.

Meneer,

Ek wil die vrymoedigheid neem om u te vra om die volgende in „Die Wapad" te laat verskyn voor die Intervaristy teen U.P.:

Ek wil hierdie boodskappie aan die Pukkies oordra, nl. Pukkies, as julle elke dag kon verneem wat die Tukkies van julle sê en dink, sal julle geen steen onaangeroerd laat om van die kragmeting op elke gebied 'n sukses te maak nie. Onthou julle word as 'n minder belangrike Universiteitjie gereken deur almal, of so te sê almal, hier. „As die Normaal julle wen, hoe wil julle dan nog teen ons kom speel?" Sò word geredeneer.

Pukkies onthou!!! Dit is julle eer, meer nog, die eer van julle Universiteit, julle Alma Mater, enig van sy soort in die wêreld, wat op die spel is. Ruk U Reg! Trek ten volle gewapen op tot die stryd, slaan vinnig en hard, maak u merk, wees manne wat die naam van Pukke werd is.

Hiermee wil ek julle alle sterk-

(Vervolg in kol. 4).

# Pasop vir die Kylie!

**Volgens die jongste berigte is dit nou lewensgevaarlik om saans sonder 'n behoorlike lig, wat aan al die vereistes van die wet beantwoord, met 'n fiets in Potchefstroom se strate rond te ry. Die oorsaak van hierdie gevaarlike toestand is glo 'n vertoornde Kylie wat saans die strate bewandel.**

Dit is, na „Die Wapad" verneem, uiters onverskillig van enige persoon om deesdae na sononder met 'n fiets rond te ry sonder 'n behoorlike lig daaraan. Die owerhede wat belas is met die verantwoordelikheid om die verkeer in die dorp te reël, het glo onlangs drastiese stappe teen wetsoortreders in hierdie verband geneem.

## Rewolwer Gebruik.

Volgens berig is verskeie van die wetsoortreders onder dekking van 'n rewolwer aangejaag na die aanklagtekantoor, met die oog op identifikasie.

**Die Kylie sou glo verplig gewees het om sy skietding in gereedheid te hou, vir ingeval een van die misdadigers sou probeer ontsnap. Dit sal, na verneem word, 'n bloedbad afgee indien gevangenes, nadat hulle sonder lig betrap is, sou probeer ontsnap.**

## Paniekbevange.

As gevolg van hierdie onverbiddelike optrede en die strenge toepassing van die wet, heers daar nou in die Puk-geledere 'n toestand waarin elke nagtelike fietsryer, hetsy belig of onbelig, so paniekbevange raak dat hy alleen met die hulp van 'n senuwee-middel sy ongerieflike voertuig regop op die twee smal wieletjies gehou kry. Dié onverwagte wending in sake het die vroeëre onrus wat geheers het tydens die veldtog waarin aangedring is dat elke fiets van 'n klokkespel voorsien moes wees, geheel-en-al laat verdwerg tot 'n nietige voorvalletjie.

## *Korrespondensie.*

## STUDENTEGEES.

Geagte Redakteur,

Wat 'n skandaal dat dit nodig geword het dat ons S.R.-voorsitter so 'n artikel moes plaas soos in die nuutste „Wapad."

„Ja dit is waar" en „Dit is reg" en „Dit was lankal nodig," so skree almal wat dit gelees het dit uit, maar wat word daar gedoen om dit te verbeter?

Daar word veral op die dames gewys wat in gebreke bly om verskillende dinge by te woon. Dit is reg, hulle doen dit nie, maar hoeveel van die mans is dan so getrou.

Daar was Maandagaand nie meer as 9 senior dames nie, en maar bloedweinig mans by die sing-songs. Ons maak te veel van die eerstejaars gebruik om die vergaderings vol te sit, om ons pligte te verdoesel onder valse voorwendsels. Ons sien die

**Aan mnr. M. J. van der Westhuizen word hiermee die innigste simpatie uitgespreek, met die afsterwe van sy vader.**

hele saak in 'n verkeerde perspektief.

Ons, en dan veral die dames dwing die eerstejaarstudente om alles by te woon en ons wat die voorbeeld moet stel bly in gebreke om te doen wat ons voorskryf en dan is ons ong so onbeskaamd om allerlei strafmetodes toe te pas! Het dit nie al nodig geword dat sekere van ons geagte senior damesstudente gehek word nie?

Nee kom dames en here, moenie dat daar op ons gewag word nie, gryp nou die bul by die horings en doen die nodige, want as ons dit al lankal gedoen het, sou dit nie nou vir ons nodig gewees het om met huiwering, en ja, met skaamte oor ons massagees te praat nie.

Ek het gesê.
Die uwe,
„BAIE BEKOMMERD."

(Vervolg van kol. 2).

te toewens vir die stryd. Onthou die Tukkies skat julle maar gering—„Die arme ou Pukkies, wat kan hulle tog doen?"

Met leedwese het ek verneem van die besering van Fires.

Pukkies, ek groet U,
GROBBIES.

[Dit is beslis 'n riem onder die hart om te hoor dat daar by Grobbies nog so 'n groot mate van „patriotisme" teenoor die Puk aanwesig is. As die Tukkies hom nou maar net nie hieroor weer teen die kop skop nie.—Red.]

## *PROGRAM-INTERVARSITY.*

### 1. Rugby.

| SPAN. | VELD. | TYD. |
|---|---|---|
| 1e Span | Loftus V. | 4.00 nm. |
| 2e Span | Loftus V. | 2.30 nm. |
| 3e Span | Univ. A. | 11.00 vm. |
| O.19 A. | Loftus V. | 1.30 nm. |

### 2. Hokkie.

| | | |
|---|---|---|
| Dames 1e | Univ. | 9.30 vm |
| Dames 2e | C.B.C. | 9.30 vm |
| Mans 1e | Univ. | 10.30 vm |
| Mans 2e | C.B.C. | 10.30 vm. |

### 3. Netbal.

| | | |
|---|---|---|
| 1e Span | Univ. | 9.45 vm. |
| 2e Span | Univ. | 10.15 vm. |

### 4. Jukskei.

| | | |
|---|---|---|
| Almal | Univ. | 8.30 vm. |

### 5. Tennis.

**Word Vrydagmiddag om een-uur op Universiteitsbane afgespeel.**


### 6. Skaak.

**Moet tussen die twee klubs reel word.**


BENODIG
Musiekonderwyser(es):

Klavier, vol gekwalifiseer, sang en orrel sterk aanbeveling.
Diens aanvaar Januarie 1952.
Goeie salaris.
Baie aangename plattelandse dorp digby Pretoria en Johannesburg.

Besonderhede:
**Dr. OPPERMAN,**
**Brits, Transvaal.**



*Waar u ook* mag wees
**Kommando**
—die *gewildste*
**Suid-Afrikaanse sigaret**




G1-3060 AP

PUKKE is altyd hartlik welkom by
UNIEWINKELS
as hulle in Johannesburg is.
Ons voorsien reeds die VOETBALTRUIE en KOUSE.
Binnekort maak ons 'n belangrike aankondiging i.v.m. die
**KLEURBAADJIES.**
**UNIEWINKELS, BPK.**
**Johannesburg.**
Kerkstraat 45. Foon 22-4746.

